Publication: Rapport (Gauteng), Beleef

Date: Sunday, March 13, 2022

Page: 16

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**



# Bly liefs uit Jan Taks se kloue en betaal betyds

## Ontvanger maak staat op jou eerlikheid

Baie lesers wat inkomste kry uit 'n lewende annuïteit (eie pensioen) kan dalk die einde van hierdie maand verras word met 'n verhoogde belastingaftrekking.

Ek het só baie navrae gehad van ons kliënte nadat ons hulle hieroor ingelig het, dat ek meen dis dalk 'n goeie plan om alles hier in besonderhede te bespreek. Ek glo daar is baie lesers wat hierdeur geraak kan word.

### Wat is ter sake?

Die produkverskaffer waar jy jou lewende annuïteit het, trek maandeliks (as jy maandeliks pensioen trek) 'n bedrag belasting af volgens die heersende belastingskaal vir daardie betrokke jaar. Dit word aan die Ontvanger van Inkomste oorbetaal.

Die koers waarteen die belasting verhaal word, hang af van die bedrag inkomste wat jy onttrek. Met 'n lewende annuïteit kan jy jaarliks tussen 2,5% en 17,5% van die kapitaal onttrek. Dit is jou pensioen.

Belasting word van die inkomste afgetrek voordat dit aan jou uitbetaal word. Dit is niks anders nie as die aftrekking wat salaristrekkers elke maand op hul salarisstaat sien.

Die probleem is, vanuit Jan Taks se oogpunt, dat baie mense wat 'n inkomste onttrek uit 'n lewende annuïteit ook 'n ander inkomste het. Dit kan uit 'n tweede of derde lewende annuïteit by 'n ander produkverskaffer wees. Of selfs 'n maandelikse salaris.

En dan, sê Jan Taks, is die belastingaftrekking op die lewende annuïteit in baie gevalle te min. Te min, omdat jou totale inkomste vir die maand jou in 'n ander, hoër belastingkategorie plaas. Daarom die nuwe vaste koers in sulke gevalle.

### So werk dit

Laat ek verduidelik aan die hand van die nuwe belastingtabelle vir die 2023-belastingjaar.

As jou enigste bron van inkomste jou lewende annuïteit is en jou belasbare inkomste vir die jaar (dit is ná vrystellings en aftrekkings) is argumentshalwe R400 000, dan is jou belasting vir die jaar R73 726 plus 31% van die bedrag bó R353 100. Altesame dus R88 265.

Jou produkverskaffer verhaal die belasting volgens die belastingtabelle om te verseker dat Jan Taks sy deel kry. En dit betyds kry.

Maar as jy 'n ander inkomste ook het, kom ons sê jy het afgetree en trek 'n inkomste uit die lewende annuïteit, maar jy het ná aftrede 'n werk aanvaar waar jy ook 'n salaris kry, kan dit jou in 'n ander belastingkategorie plaas. En Jan Taks kry dan nie sy deel nie, of altans, nie betyds nie.

Kom ons sê nou, jou belasbare inkomste vir die jaar, salaris en lewende annuïteit tesame, is R800 000. Jou belasting vir die jaar is nie dan R176 530 (R88 265 x 2) nie.

Dit is R232 588. Bereken soos volg. R170 734 plus 39% van die bedrag bo R641 401. Jou marginale koers het dus gestyg van 31% na 39%, weens die hoër totale belasbare inkomste.

Dis 'n lang verduideliking om by die punt uit te kom.

Jan Taks het nou aan produkverskaffers laat weet om in die geval van mense wat 'n addisionele inkomste het, soos ek hierbo verduidelik, teen 'n vaste koers belasting per maand oor te betaal en nie volgens die belastingskaal nie. Die vaste koers sal verskil van geval tot geval. Só verseker Jan Taks dat hy sy geld betyds kry.

Vir jou hou dit die voordeel in dat jy nie aan die einde van die belastingjaar met 'n onaangename verrassing opgesaal sit in die sin dat jy belasting moet inbetaal nie.

Die nuwe vaste koers is van toepassing vanaf 1 Maart en sal teen die einde van Maart in praktyk toegepas word.

Jy sal die opsie hê om jou produkverskaffer opdrag te gee om nie teen Jan Taks se nuwe vaste koers belasting af te trek nie, maar teen die normale koers vir die 2023 belastingjaar.

### Voorlopige belasting

'n Vraag wat ek hieroor gekry het, is hoe raak dit jou as jy 'n voorlopige belastingbetaler is. (Kyk gerus ook na my rubriek in *Rapport Beleef* van 23 Januarie vanjaar, "Voorlopige belasting - Pasop vir dié slaggat").

Dit behoort jou nie te raak nie. As jy inkomste verdien, ingesluit rente op diskresionêre beleggings (nie-aftreefondsgeld), waarvan daar nie belasting gehef word nie, is dit steeds jou voorland om as voorlopige belastingbetaler te registreer en twee keer per jaar belasting (vooruit) oor te betaal.

By elke so 'n geleentheid moet jou totale verwagte inkomste vir die jaar bereken word en belasting word daarvolgens oorbetaal. Belasting reeds afgetrek en oorbetaal, onder meer van 'n inkomste uit 'n lewende annuïteit, word dan reeds in berekening gebring.

As jy egter 'n ander inkomste het, byvoorbeeld 'n na-aftrede werk aanvaar het, en daar word nie belasting verhaal en aan die Ontvanger van Inkomste oorbetaal nie, stel ek voor jy registreer dadelik as voorlopige belastingbetaler. Jan Taks maak staat op jou eerlikheid. Tot hy jou uitvang en dan is daar moeilikheid.

Of jy kan vir die instansie vir wie jy werk doen, vra om jou te registreer as 'n werknemer (hulle kan in die meeste gevalle reeds onder so 'n verpligting wees) en dan belasting uit jou vergoeding te verhaal en oor te betaal. Dan hoef jy nie as voorlopige belastingbetaler te registreer nie.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.